

# OPLEIDING IN BESIGHEIDSADMINISTRASIE IN SUID-AFRIKA

**deur Prof. A. J. E. Sorgdrager B.Econ., D.Econ,
en J. R. Boot M.Com. T.H.O.D.**

**1. Die begrip bedryfsadministrasie**

Die begrip administrasie het 'n tweeledige inhoud, t.w. (a) heers, leiding, beheer en bestuur, en (b) diens (hulp).

Vandag het dit die betekenis van middels en doelstellings waarmee die onderneming of bedryf bedien kan word, nl. die rekenpligtige verantwoording — ekstern en intern.

Die woord bedryf het die Germaanse betekenis van „dryven" met die klem op **be** wat beteken om vinnig en doelmatig in 'n bepaalde rigting te gaan. Die rigting is bekend, dit is die **winsmotief**, maar die kwantitatiewe inhoud van die beginsel is afhanklik van die nut-kosteverhouding. Daar moet na die grootste moontlike verskil tussen nut (opbrengs, omset) en koste gesoek word wat doelmatige optrede impliseer.

Daarom moet die moderne bedryfsadministrateur gesien word in die lig van 'n stuurman en die grondpatroon van die denke is stuurkunde. In hierdie stuurkunde is die uitken van gesonde en goeie informasie, bestuurlike informasie van vitale en deurslaggewende belang.

Die Hollanders gebruik bv. die begrip stuurman in die seevaartkunde teenoor die Britse gebruik van offisier. Die stuurman stuur die skip, hy navigeer, na die voorafbepaalde doelwit of hawe. Die moderne sibernetika lei ons maar net weer terug na die stuurman. Die stuurman lei sy skip deur seine met terugkoppeling na korrekte bestuur. Norber Wiener het 'n ou begrip slegs gemoderniseer.

**2. Implikasie van begrip**

Die begrip soos gestel, impliseer die verskaffing van gedetailleerde en samevattende informasie omtrent:

(a) die bedryf;

(b) die beheersing van die aktiwiteite:
- (i) koste en kosprysanalise,
- (ii) omset en wins,
- (iii) resultaatrekening,
- (iv) likwiditeit,
- (v) doeltreffendheid,
- (vi) begroting en kosteberekening;

(c) detailinformasie:
- (i) persone en personeelbeleid,
- (ii) ooreenkomste,
- (iii) dokumentasiebeheer;

(d) administratiewe outomatisasie:
- (i) opdragverstrekking,
- (ii) koördinasie,
- (iii) fakturering,
- (iv) vinnige informasieverdeling,
- (v) informasieverwerking;

(e) die uitvoer van die kontrole:
  (i) samestelling en beoordeling van die gevoerde beleid („responsibility costing"),
  (iii) voor- en nakalkulasie,
  (iv) interpretasie en beoordeling van finansiële state;

(f) verslaglegging van die verrigte werksaamhede in 'n geordende patroon;
(g) vasstelling van doelwitte:
  (i) behoefte:
    a. raming op langtermyn,
    b. aktualiteit;
  (ii) aankope:
    a. bestelling,
    b. ontvangs,
    c. faktuurbeheer;
  (iii) beskikbaarheid van fondse;
  (iv) produksie;
  (v) prestasies uitgedruk in standaardkoste;
  (vi) afset;
(h) oordeelsvorming.

Rondom hierdie begrippe behoort 'n samestellende leerplan en leergang vir 'n sodanige opleiding beplan te word. Die oorheersing van die ekonomie van die dertigerjare het nou gelukkig meer redelike proporsies aangeneem, sodat 'n meer gebalanseerde kursus tot stand kon kom.

**3. Die betekenis in Suid-Afrika**

Daar word o.i. nog glad te veel klem op die Amerikaanse produk gelê. Die opleiding moet ten alle tye by die Suid-Afrikaanse infrastruktuur inpas. Dit wil nie sê dat van oorsese ondervinding nie gebruik gemaak dien te word nie. Daar moet beslis nie die standpunt ingeneem word nie van „a university economist notion of the background which a manager should have" wat nog gans te veel in die huidige leerplanne en leergange tot uiting kom.

Verder word daar gans te veel klem op die bedryfsadministrasiekursusse gelê. Dit gee die student 'n valse eiewaarde en waardemeting van homself en ook van ander. Te Potchefstroom is die Honneurskursusse in Rekeningkunde en Bedryfsrekeningkunde 'n bedryfsadministrasiekursus **plus** 'n spesialiste opleiding in die bepaalde vakrigting, teenoor 'n algemene teoretiese M.B.A. Daar kan nie aan die gedagte ontkom word nie dat die M.B.A. of M.B.L.-kwalifikasie 'n redelike inflasiewaarde het. Die student moet 'n spesialisasiestudie hê ter wille van die onderneming wat hom in diens neem. Dit gee ook die student die geleentheid om hom besig te hou met die materie wat hom in die besonder aantrek. In die spesialisasieproses moet die klem op die analitiese denke en deurdagte oordeelsvorming gelê word. Wat bewys die praktyk nou? Die grootste aanvraag is, in volgorde van aanvraag:

(a) koste- en bedryfsrekenmeesters,
(b) geöktrooieerde rekenmeesters,
(c) M.B.A. opleiding, as dit nie anders kan nie.

Dit blyk hieruit dat die waarde van 'n M.B.A.-opleiding beslis nie bo aan die top staan nie. Dit word verder onderstreep deur 'n opname wat gemaak is. Die belangrikste funksies van 'n bestuurder word beskou as:

(a) bespreking van finansiële state en proformaresultaatrekenings;
(b) bespreking van die kostestruktuur en die bedryfsrekenkundige bestuur van die onderneming, begroting en standaardkostestruktuur;
(c) bespreking van kapitaaluitgawes en die verwagte wins daarvan;
(d) belastingvraagstukke.

Eienaardig genoeg vorm hierdie belangrike vraagstukke nie die hoofdis van die M.B.A.-opleiding aan die Suid-Afrikaanse Universiteite nie.

'n Ander aspek moet hier nog gemeld word; die Amerikaanse besigheidskole volg ook nie almal dieselfde patroon nie. Verder nog wat die Amerikaners in die magisterjaar doen, doen die Suid-Afrikaanse student alreeds in die honneursjaar. Lê die probleem nie in die Amerikaanse handboeke nie, wat dik en duur is en met die helfte van die getal bladsye presies dieselfde kon gesê het?

Die konklusie kan beslis gemaak word dat die huidige M.B.A.-opleiding beslis te teoreties en nie baie geskikte opleiding vir bestuurders genoem kan word nie.

**4. Opleiding aan die Kolleges vir Gevorderde Tegniese Onderwys**

In teenstelling met die Universiteite lewer hierdie Kolleges beslis goeie en bruikbare bestuurspotensiaal op. Die Nasionale Diploma vir

Kosterekenmeesters, — in Organisasie- en Metodestudie en in Bedryfsleiding, om maar 'n paar te noem, is beslis uit die boonste rakke. Die aanbieding van die leerstof, die samestelling van die kursusse en die wetenskaplik-praktiese geaardheid van die vakke gee baie goeie hoop vir die toekoms.

Verskeie werkgewers verkies al op hierdie stadium studente van die Kolleges bo dié van Universiteite. Dis beslis 'n vingerwysing wat nie veronagsaam mag word nie. Moenie verbaas wees as die Kolleges in die toekoms die reg verkry om grade te mag uitreik nie. Niks staan in hulle pad nie, want die werk is goed, die dosente is bekwaam en die kursusse is wetenskaplik-prakties. Die Kolleges vul beslis 'n behoefte. Dit word wenslik geag dat daar samewerking tussen Kolleges en Universiteite moet kom en beslis in bedryfsadministrasie.

**5. Koördinasie van alle opleiding**

'n Verdere aspek wat aandag behoort te geniet is skakeling tussen die Universiteite, Kolleges vir Gevorderde Tegniese Onderwys en die verskillende Professionale Institute. Bestaan daar werklik regverdiging vir al die verskillende professionele institute wat self hulle eie eksamens reël?

Vrystellings word wel oor en weer vir sekere vakke verleen, maar dit is ons oortuiging dat daar in landsbelang, 'n nasionale konferensie gereël behoort te word om alle opleiding te koördineer.

Opsommend kan gekonkludeer word dat die opleiding in die algemeen, asook in die besonder, vir baie groot verbetering vatbaar is.

*Ons ontvang graag kommentaar op hierdie artikel — Red.*

# *BOOK REVIEW*

### *— J. BATTY —*

### *Managerial Standard Costing*
### *MacDonald and Evans*

*With its importance now generally accepted in Industry, Management Accountancy has reached the stage where many feel that further research is necessary to show how best it can be applied to the problems of managing a business. The aim of this book, which first appeared as a doctorate research thesis, is to meet this need, and, though most of the research was primarily concerned with standard costing, this was undertaken with the idea of formulating a comprehensive system of management accountancy — which includes the efficient employment of standard costs.*

*While the book is mainly concerned with the development of standard costing in Britain, attention has also been paid to the position in other countries such as the United States, Australia and South Africa. The emphasis throughout is on the managerial use which may be made of standard costing, and it is hoped that the findings will be of interest to all those concerned with the improvement of Industrial efficiency, especially accountants and managers.*